

23

HERSIENING

Ek onthou wat ek geleer het

DOEN VOORAF

Verversings kan gereël of gebring word.

KOM ONS BEGIN

Open met gebed.

AANBIEDING

Jy het nodig

- 'n Flits.
- 'n Kers.
- 'n GPS.
- 'n Padkaartboek.
- 'n Liedboek.
- Twee klippe.
- 'n Pop.
- 'n Ster uit karton geknip, of enige ster.
- 'n Hart uit karton geknip, of enige hart.
- Vier skoon velle A4-papier.
- 'n Prys vir die wengroep as jy wil – iets wat hulle in die groep kan deel.

VANDAG LEER ONS

BEGIN SO

- Vra of iemand kan onthou waarom die laaste vier lesse gegaan het.
 - Die tien gebooue.
 - Die Bybel.

- Die erediens.
- Kersfees
- Verdeel die klas in twee groepe.
- Gee vir elke groep 'n skoon vel A4-papier.
- Laat elke groep vir hulle 'n naam uitdink en dit boaan hul papier skryf.
- Gee vir hulle die name van die lesse wat gedoen is.
- Laat hulle dit neerskryf.

IETS INTERESSANT

Die volgende inligting word aan die kinders oorgedra: Ek het vandag 'n paar voorwerpe gebring wat ons laat dink aan die laaste vier lesse wat ons gedoen het. Wys al die voorwerpe: 'n flits; 'n kers; 'n GPS; 'n padkaartboek; 'n Liedboek; twee klippe; 'n pop; 'n ster uit karton geknip of enige prent van 'n ster; en 'n hart uit karton geknip of enige prent van 'n hart.

IETS OM TE DOEN

Ons gaan vandag 'n speletjie speel. Ek gaan 'n voorwerp vir julle wys, en julle moet neerskryf aan watter les dit julle laat dink. Dit tel 1 punt. Julle moet 'n goeie rede neerskryf hoekom dit julle aan die les laat dink. Dit tel nog 'n punt. As julle reg geantwoord het, gaan ek 'n vraag oor die les vra. Dit tel nog 'n punt. Julle kan 3 punte by elke vraag kry. Die groep wat die meeste punte het, wen.

Die kategeet wys die voorwerpe aan die twee groepe. Elke groep skryf die antwoorde soos volg op hul papier:

1. Skryf die voorwerp se naam neer.
 - a. Aan watter les dink julle?
 - b. Hoekom sê julle so?
 - c. Wat, wie, waar...?

Herhaal dit met volgende voorwerp:

2. Voorwerp
 - a. Aan watter les dink julle?
 - b. Hoekom sê julle so?
 - c. Wat, wie, waar...?

Voorwerpe

1. **Flits.**
 - a. Die Bybel.
 - b. Rede: Die Bybel is soos 'n lig op ons pad en wys ons wat ons moet doen.
 - c. Vraag: Die Bybel is die Woord van (God).
2. **GPS (2 antwoorde is moontlik)**
 - a. Die tien gebooie.
 - b. Rede: Die tien gebooie leer ons wat ons moet doen.
 - c. Vraag: Die tien gebooie is aan die Israeliete op watter berg gegee? (Sinai.)

Of:

- a. Die Bybel.
- b. Rede: Die Bybel leer ons ook wat ons moet doen.
- c. Vraag: Wat leer ons in die Bybel?
 - *(God het alles goed gemaak en Hy sorg vir alles – ook vir my.*
 - *God wil met die Bybel vir ons leer dat Hy baie lief is vir ons en dat ons sy kinders is.*
 - *God leer ons in die Bybel dat ons almal sondaars is – dinge doen waarvan Hy nie hou nie – maar dat Hy ons gered het deur Jesus Christus.*
 - *Die Bybel leer ons hoe ons God en ons medemens moet liefhê.*
 - *Die Bybel leer ons van die goeie dinge wat ons moet doen en van die slegte dinge wat ons nie moet doen nie.)*

3. **Padkaartboek (2 antwoorde is moontlik)**

- a. Die tien gebooie.
- b. Rede: Dit wys ons wat ons moet doen.
- c. Vraag: Hoekom moet ons die gebooie nakom? *(Om gelukkig en veilig te lewe.)*

Of:

- a. Die Bybel.
- b. Rede: Die Bybel wys ons wat ons moet doen.
- c. Vraag: Het God die Bybel self geskryf? *(Nee, ons glo God het nie die Bybel met sy eie hand geskryf nie, maar vir verskillende mense gehelp om dit te skryf. In daardie tyd het hulle nie in boeke geskryf nie, maar op boekrolle. Van toe af het mense elke nou en dan die Bybel oorgetik, oorgeskryf of gedruk sodat meer mense 'n Bybel kon hê. Hulle het ook die Bybel in verskillende tale oorgeskryf.)*

4. **Ster uit karton geknip**

- a. Kersfees, Jesus se geboorte.
- b. Rede: Die wyse manne het die ster gevolg om vir Jesus in die krip te kry.
- c. Vraag: Wie het nog vir baba Jesus kom besoek? *(Die skaapwagters.)*

5. **Liedboek**

- a. Die erediens.
- b. Rede: Ons sing in die erediens uit die Liedboek.
- c. Vraag: Hoekom sing ons in die erediens? *(Ons sing op verskillende plekke in die erediens. Met ons sang prys ons, dank ons, vra ons, en aanbid ons die Here. Met ons sang kan ons ook jammer sê vir dit wat ons verkeerd doen, en ons geloof in God bely.)*

6. **Pop**

- a. Kersfees / Baba Jesus.
- b. Rede: Jesus het mens geword en is gebore.
- c. Vraag: Waar is Jesus gebore? *(In 'n stal in Betlehem.)*

7. **Hart uit karton geknip**

- a. Die tien gebooie.
- b. Rede: Die eerste en die tweede gebod praat van liefde.
- c. Vraag: Vir wie moet ons die liefste hê? (*God.*)

8. **Kers**

- a. Die Bybel.
- b. Rede: Die Bybel is soos 'n lig op ons pad.
- c. Vraag: Wat is die naam van die eerste boek in die Bybel? (*Genesis.*)

9. **Klippe**

- a. Die tien gebooie.
- b. Rede: Die tien gebooie is op twee kliptafels aan die Israeliete gegee.
- c. Vraag: Wat is die tweede gebod van die liefde? (*Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.*)

Die vraestelle word gemerk, die punte word opgetel, en die wengroep word aangekondig. As jy besluit het op 'n prys, kan jy dit nou oorhandig.

BY DIE HUIS

Leer

Laat hulle hierdie vrae en antwoorde gaan leer:

- Die Bybel is die Woord van (*God.*)
- Op watter berg is die tien gebooie aan die Israeliete gegee? (*Sinai.*)
- Wat is die belangrikste wat ons in die Bybel leer? (*God is lief vir ons. Ons moet lief wees vir God en vir ons medemens.*)
- Hoekom moet ons die tien gebooie nakom? (*Uit liefde vir God en om te wys dat ons dankbaar is.*)
- Het God die Bybel self geskryf? (*Nee, ons glo God het nie die Bybel met sy eie hand geskryf nie, maar vir verskillende mense gehelp om dit te skryf.*)
- Wie het Jesus kom besoek? (*Die skaapwagters en die sterrekykers uit die ooste.*)
- Hoekom sing ons in die erediens? (*Ons sing op verskillende plekke in die erediens. Met ons sang prys ons, dank ons, vra ons, en aanbid ons die Here. Met ons sang kan ons ook jammer sê vir dit wat ons verkeerd doen, en ons kan ons geloof in God bely.*)
- Waar is Jesus gebore? (*In 'n stal in Betlehem.*)
- Vir wie moet ons die liefste hê? (*God.*)
- Wat is die naam van die eerste boek in die Bybel? (*Genesis.*)
- Wat is die tweede gebod van die liefde? (*Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.*)

AFSLUITING

Sluit af met gebed.